Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS HUISTAAL V1

PUNTE: **70**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taalstrukture en -konvensies	(30)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Trek ’n streep ná elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ’n reël oop ná elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

KI: Kul-kortpad of snelweg waarop jonges moet leer ry?

Is kunsmatige intelligensie (KI) 'n kul-kortpad wat kinders lui en dom gaan maak of 'n snelweg na 'n nuwe wêreld wat hulle so gou moontlik moet leer navigeer? Kenners stem nie heeltemal saam daaroor nie.

1 In mense se reaksie op KI kry 'n mens twee uiterstes, sê prof. Anné Verhoef, hoof van die Noordwes-Universiteit se KI-spil. "Die een groep mense sê dit is die einde van die wêreld. Hier kom superintelligensie. Ons gaan oorgeneem word," sê hy. Aan die ander kant kry jy die reaksie wat sê KI is die oplossing vir alles. Dit word amper voorgestel as 'n soort "tegno-messias".

2 Hy glo albei dié sienings is verkeerd. "Wat ons wel vir mekaar moet sê, is: KI is hier om te bly."

3 Riaan van der Bergh, hoof van die Fedsas-sentrum vir Tegnologie, wys uit dat vanjaar se matrikulante die laaste groep is wat voor slimfone se koms gebore is. "Om tegnologie te omarm is 'n gegewe. Ons kan nie wegloop van die opwindende wêreld nie." Dit bring opwinding én ontwrigting, sê hy.

4 Geoffrey Hinton het as hoof van KI-ontwikkeling by Google bedank en gesê: "Ek gaan nie verder hiermee nie, want ons weet nie waarheen ons gaan nie." Volgens Von Solms het Hinton gesê ons is baie naby aan die punt van kunsmatige superintelligensie, waar die masjien "vir homself gaan begin dink, waar hy nie meer na my of jou gaan luister nie."

5 As 'n mens vir 'n super-KI-program sê hy moet 'n oplossing vir armoede of honger in die wêreld vind, kan sy oplossing wees om te sê die helfte van die mense in die wêreld moet doodgemaak word. "Dis 'n oplossing! As ons nie meer beheer het oor wat die oplossing is nie, kan ons sulke goed verwag. Ek is diep bekommerd dat ons nie weet waarheen ons op pad is nie."

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

6 Die hele kubermisdaadomgewing is besmet met KI, sê Von Solms. “Dis hoekom jy so maklik uitgevang word.” Dis hoekom ’n skoolkind, soos twee 12-jariges onlangs, ’n app kan gebruik om ’n meisie op ’n foto te “ontklee”. Daar is baie positiewe gebruike van KI waar dit in ’n bestaande program ingebou is om dit te verbeter, “maar op sy eie het hy my nog nie oortuig nie.” Verhoef sê op universiteit sien hulle die potensiaal van KI. Dit help dosente om vinnig deur groot datastelle te werk. Dit help om lesplanne en -aktiwiteite uit te werk.

7 Sielkundestudente op honneursvlak kan vals datastelle wat deur KI ontwikkel is, ontleed om hulle voor te berei op hul beroep. Meestersgraadstudente het tutorbotte of kletsbotte as “kliënte”. Navorsing wys volgens Verhoef sielkundige kletsbotte lewer geweldig positiewe resultate. “Mense (wat dit gebruik) het minder depressie, minder stres, minder angs. Dis gratis en dis 24 uur van die dag beskikbaar.”

8 “Met generatiewe KI is daar nou ’n uitdaging: Waar ons jare neem om mense in sekere goed op te lei, kan dit eenvoudig nou baie beter deur KI gedoen word. Dit trek die mat onder ons voete uit, op skoolvlak, universiteitsvlak. Ons moet ’n slag dink: Wat doen ons hier, wat dra ons regtig by as KI al hierdie moontlikhede bied?”

9 Van der Bergh sê: “Die antwoord is nie so maklik soos om dit te verban nie, want die samelewing het dit reeds aanvaar. Dis moeilik vir ’n skool om vir sewe uur iets te bestuur wat die samelewing in 17 uur nié bestuur nie.” Die realiteit daarvan is dit gaan nie gou weggaan nie, sê hy. “Ons moet besef wat die voordele daarvan is, maar ook wat die risiko's daarvan is.”

10 Die nasionale en provinsiale onderwysowerhede het volgens Van der Bergh nog nie een dokument met riglyne oor KI uitgereik nie. “’n Skoolgemeenskap moet in die konteks van sy eie skool beleid maak. Elke skool moet in belang van sy gemeenskap optree en sy beheerliggaam moet daar leiding gee.”

11 Von Solms glo tegnologie kan nie sonder staatsinmenging gereguleer of beheer word nie. “En ons kry niks daarvan nie. Dis hoekom kubermisdaad by ons so hoog is.” Maar as die staat dit nie doen nie, stel hy voor dat die georganiseerde onderwys dit doen. Verhoef sê die universiteit het vinnig gespring om riglyne en beleid daar te stel. Hy dink Fedsas en ander organisasies sal ook moet ingryp “sodat daar ten minste standaardisering plaasvind.”

12 “Ons moet KI begin integreer sodat daar meer verantwoordelike gebruik is en dat jy kritiese denke begin ontwikkel.”


13 Van der Bergh sê ons model van leer en assesseer moet verander. Hy sien KI maak dat kinders vrae vra eerder as om antwoorde te resiteer. “Ek wens my kinders kry ’n vraestel wat vir hulle vra om die tien beste vrae te vra, eerder as om die tien beste antwoorde te gee.”

[Aangepas uit: Netwerk 24, Oktober 2025]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

TEKS B: VISUELE TEKS



[Aangepas uit RA News.TCA 31-05-2023]

VRAE: TEKS A

1.1 Verwys na die titel en die subtitel.

1.1.1 Skryf TWEE woorde uit die titel neer wat die teenstellende siening van KI aandui. (1)

1.1.2 Wat wil die skrywer met die insluiting van die woord "leer" bereik? (1)

1.1.3 Sê waarom die vraagteken in die titel funksioneel is? (1)

1.2 Hoe verskil prof. Verhoef se persoonlike mening van dié van, wat hy sê, ander mense dink? (2)

1.3 Verwys na paragrawe 4 en 5.

Noem die gevaar wat KI moontlik vir die mensdom kan inhou, wanneer 'n mens Geoffrey Hinton se voorspelling in gedagte neem. (1)

1.4 Noem die dubbele betekenis wat die volgende sin kan hê: "Dis hoekom jy so maklik uitgevang word." (2)

1.5 Sielkundestudente gebruik KI tot hul voordeel.

Motiveer dié stelling met TWEE bewyse. (2)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.6 Noem VIER voordele wat mense wat sielkundige kletsbotte gebruik, ervaar. (4)

1.7 Sê in jou eie woorde wát die uitdaging is waarvan daar in paragraaf 8 gepraat word. (1)

1.8 Noem, volgens Van der Berg, DRIE probleme wat skole met KI ervaar. (3)

1.9 Waar kan skole riglyne oor KI-gebruike kry? (1)

1.10 Wat is, volgens Von Solms, die minimum vereiste vir riglyne oor KI wat daargestel moet word? (1)

1.11 Wat is, volgens Van der Bergh, die voordeel wat KI vir skoolleerders bied? (1)

1.12 1.12.1 Sê waarom jy Riaan van der Berg se siening oor KI kan glo. (1)

1.12.2 Evalueer krities waarom jy dink dat KI óf goed óf sleg vir die mensdom is. (1)

VRAE: TEKS B

1.13 Die KI-robot word visueel voorgestel as 'n wese wat 'n bedreiging vir die man en vrou inhou.

Stem jy hiermee saam? Gee TWEE bewyse om jou antwoord te motiveer. (2)

1.14 Evalueer die effektiwiteit van die aanhalingstekens in die eerste spreekbeurt. (1)

1.15 1.15.1 Wat word deur die vrou se antwoord rakende politici geïmpliseer? (1)

1.15.2 Sê wat met die insluiting van "ook" in die plakkaat / papier bereik word. (1)

VRAE: TEKS A EN TEKS B

1.16 Hoe sluit die titel en paragraaf 7 van TEKS A onderskeidelik by die ouer man in TEKS B se eerste sin in sy spreekbeurt aan? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke om kuberkraking te voorkom.**

LET WEL:
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C

FNUIK KUBERKRAKERS MET DIÉ WENKE ...

In die moderne era waarin ons afhanklik van tegnologie geraak het, is dit belangrik om 'n paar eenvoudige stappe te volg om jouself teen kuberkrakers te beskerm.

'n Effektiewe manier om jou rekenaar te beveilig, is deur 2FA (Tweefaktor-verifikasie) te gebruik. Wanneer jy 2FA aktiveer, word 'n ekstra laag sekuriteit bygevoeg wanneer jy by 'n aanlynrekening aanmeld. Al het kuberkrakers jou wagwoord, sal hulle nie toegang tot jou rekening kry sonder die tweede faktor nie – jou selfoon.

Ons almal het die gewoonte om dieselfde wagwoord vir verskeie rekeninge te gebruik. As kuberkrakers egter een van jou wagwoorde kry, kan hulle maklik toegang tot jou ander rekeninge kry. 'n Verdere stap is om seker te maak dat jy sterk wagwoorde (wat uit 'n kombinasie van letters, syfers en spesiale karakters bestaan) te kies.

Kuberkrakers gebruik e-posse en skakels om toegang tot jou rekenaar te kry. Dit mag lyk asof dit vanaf 'n betroubare bron kom, maar dit kan 'n lokval wees. Hulle vra jou om op 'n skakel te klik of 'n aanhangsel af te laai, en sodra jy dit doen, het hulle toegang tot jou rekenaar. Maak ook seker dat jy altyd jou rekenaar, selfoon en ander toestelle met die nuutste sagteware-opdatering op datum hou.

Veilige internetgebruik is noodsaaklik. Wanneer jy op 'n oop Wi-Fi-netwerk is (soos by 'n lughawe), kan 'n kuberkraker tussen jou toestel en die internetverbinding "staan". Hulle kan dan alles sien wat jy doen, van jou wagwoorde tot jou kredietkaartbesonderhede, sonder dat jy dit besef. Vermy dus openbare Wi-Fi-konneksies. Sorg ook dat die webtuistes wat jy besoek met "https://" begin – met 'n hangslot-ikoon, menende die verbinding is geënkripteerd. Dink aan HTTPS as 'n verseëlde koevert, terwyl gewone HTTP soos 'n poskaart is wat enigiemand langs die pad kan lees.

As jy 'n toepassing (app) op jou foon los wat jy nie gebruik nie, los jy basies 'n venster in jou digitale huis oop wat jy nie meer dophou nie. Vee dus ongebruikte toepassings uit. Onthou, jou rekenaar is die sleutel tot baie van jou persoonlike inligting! Daarom kan die bogenoemde wenke verhinder dat kuberkrakers hierdie inligting bereik ...

[Aangepas uit https://aanlyn.solidariteit.co.za/publieke/artikel/wenke-om-kuberkraking-te-voorkom]

TOTAAL AFDELING B: 10

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D



[Aangepas uit *Huisgenoot*, 11 Desember 2025]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAE: TEKS D

3.1 Bewys die stelling hieronder as onwaar:

Die land se voorste smaakmaker word gesoek. (1)

3.2 Watter tegniek word in C aangewend om die leser te manipuleer? (1)

3.3 Verbeter die spelfout wat in C voorkom. (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.4) en die letter (A–D) neer, bv. 3.4 E.

Die woord *flonker* in C bestaan uit *vonkel* + *flikker*.

Die stelling hierbo is 'n voorbeeld van ...

A kontaminasie.
B toutologie.
C anglisisme.
D 'n afleiding. (1)

3.5 Verwys na B en G.

3.5.1 Bespreek die effektiwiteit van die hutsmerk (by B) en die simbole rondom die selfoon (by G) onderskeidelik. (2)

3.5.2 Sê watter vorm van stereotipering deur die visuele voorstelling op die selfoon (by G) uitgebeeld word. (1)

3.6 Waarom is dit doeltreffend dat daar 'n verklaring vir die woord "smaakmaker" in H gegee word? (1)

3.7 Watter inligting by I oorreed die leser om vir die kompetisie in te skryf? (1)

3.8 Sou die plasing van 'n skanderingskode (QR-kode) by J gepas wees? Motiveer jou antwoord. (1)

[10]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E



[Aangepas uit www.archiecomics.com 18 Maart 2001]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAE: TEKS E

4.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die geïmpliseerde betekenis van Jughead (die tweede spreker) se woorde in RAAMPIE 1 is. (1)

4.2 Jughead se visuele voorstelling in RAAMPIE 2 sluit by sy woorde aan.
Bewys dié stelling met TWEE feite. (2)

4.3 Sê waarom die woord "monstrositeit" in RAAMPIE 3 as 'n vorm van gevoelstaal beskou kan word. (1)

4.4 Evalueer of die (anderse) voorstelling van die karakters in RAAMPIE 5 funksioneel is, al dan nie. (1)

4.5 Watter emosie ervaar die eerste spreker in RAAMPIE 7?
Hoe word hierdie emosie beklemtoon? (2)

4.6 Beskou slegs die volgende woorde van Dilton uit RAAMPIE 7:
"Nou het alles gevries."

Skryf Dilton se woorde in die indirekte rede deur te begin met:
Dilton het ... (1)

4.7 Herskryf die laaste sin in RAAMPIE 7 in die lydende vorm. (1)

4.8 Kies die mees korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.8) en die letter (A–D) neer, bv. 4.8 E.

In hierdie strokie is daar ...

A humor.
B 'n antiklimaks.
C humor en 'n antiklimaks.
D 'n litotes. (1)

[10]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS F

Die protea word "ontdek". – Sophia Kapp

1 Wie sou die eerste persoon wees wat proteas ontdek het? Dit weet ons nie, want so lank as wat daar mense op aarde is, so lank weet ons al van hierdie plante se bestaan.

2 Wat ons wel weet, is dat Carlolus Clusius, 'n (5.4) **bekende** Nederlandse botanis, in 1605 die eerste Europeër was wat aangeteken het dat hy 'n protea in Suidelike Afrika teëgekom het. In 1672 het Paul Hermann, 'n (5.5) professor aan die Universiteit Leiden in Nederland, na die Kaap gereis om plante vir sy departement te versamel.

3 Dit was egter eers ná 1735 dat proteaplante die eerste keer behoorlik in 'n wetenskaplike taksonomie 5.7 (klas) is en die naam "protea" gekry het. Wetenskaplikes is van mening dat die familie waarna die protea behoort, die *Proteaceae,* eers op die superkontinent Gondwana ontwikkel het, en toe voortgegaan het om te ontwikkel nadat Gondwana begin opbreek het.

4 Fossielverslae toon selfs bewyse van (5.8) protea-agtige plante wat eens op Antarktika gegroei het! Fossiele is van proteas gevind wat 300 miljoen jaar oud is.

5 Die proteas 5.10 (in die) Kaap vorm deel van ons blomkoninkryk, die enigste blomkoninkryk wat in een land voorkom, en 'n skat wat deur Unesco tot 'n wêrelderfenisgebied verklaar is.

[Aangepas uit https://weet.co.za/my-land/die-protea/ 21 Julie 2024]

VRAE: TEKS F

5.1 Herlees die titel.

Gebruik *protea* as 'n eienaam in 'n verklarende sin. (1)

5.2 Identifiseer die eerste diftong wat in paragraaf 1 voorkom. (1)

5.3 In paragraaf 2 word die tweede en derde komma asook die vierde en vyfde komma in beide gevalle vir die selfde doel gebruik.

Wat is die doel? (1)

5.4 Gee die korrekte intensiewe vorm van die vetgedrukte woord binne konteks van die sin. (1)

5.5 Skryf die korrekte afkorting van die onderstreepte woord in paragraaf 2 neer. (1)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

5.6 Skryf die infinitief in reël 6 tot 8 neer. (1)

5.7 Verbuig die woord tussen hakies in die korrekte vorm. (1)

5.8 Motiveer die gebruik van die skrytteken. (1)

5.9 Verbind die twee sinne in paragraaf 4 met ’n voegwoord om een veelvoudige sin te vorm. (1)

5.10 Benoem die klankverskynsel wat met die uitspraak van “in die” in paragraaf 5 kan voorkom. (1)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.